*Woensdag* **14**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 21:1-7 (OAV & NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 21:6**

**Sara – Ons Verbondsgod is die Grootste Werklikheid in ons lewe!**

Die Here vertel ons in Genesis van twee keer dat Sara (vorstin) gelag het. Die eerste keer het sy by die tent se opening weggekruip en gelag oor die Here se belofte van ’n kind (Gen. 18:12.) Sara het later ontken dat sy gelag het. Die tweede keer het sy openlik gelag en ander as’t ware uitgenooi om saam met haar te lag (Gen. 21:6.) Wat kan ons hieruit leer?

Die eerste keer dat sy gelag het, was die “werklikheid van die lewe” vir Sara sterker en groter as die werklikheid van die Here se verbondsbelofte. Sy het gedink dat sy te oud was om ’n kind te kon hê. Die Here het Sara verander deur haar geloof weer te versterk. Deur geloof in God dat Hy sy verbondsbelofte sou nakom, het Sara weer die vermoë ontvang om ’n kind in die wêreld te bring (Heb. 11:11.)

Na verloop van tyd is Abraham en Sara se baba gebore. Abraham en Sara het hulle seun Isak genoem. Isak beteken “hy lag”. Hierdie keer het Sara met ’n heeltemal nuwe gesindheid gelag. Sy het van blydskap oor die Here se verbondsgenade gelag en sy was bly dat ander saam met haar sou lag.

Hoe dikwels lyk die werklikheid van hierdie gebroke lewe vir ons nie ook groter en sterker as God se beloftes van genade nie. My menslike swakheid en sonde lyk dikwels onoorkomelik. Ernstige siekte of een of ander groot krisis maak ’n mens dikwels moedeloos en selfs kleingelowig.

Daardie Vrydag op Golgota het alles ook verlore gelyk. Die Verlosser het aan die kruis gehang. Maar ... juis aan die kruis het God sy verbondsbelofte waar gemaak! Jesus het my verlos en God se genadekind gemaak.

Die Heilige Gees gee aan my ’n gelowige hart wat op God vertrou en ’n gelowige oog wat Hom raaksien wanneer die lewe vir my donker lyk. Deur die Gees leef ek met geloof in ons Verbondsgod. Deur die Gees wag ek gelowig op God om al sy verbondsbeloftes volmaak waar te maak wanneer Jesus Christus weer kom!

*Sing: Psalm 105:1, 5 (1936)*

*Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)*